SENIOR BURGER BLAD
KERSKAMP 15 - 18 NOVEMBER 2018

Almal het duim vasgehou vir goeie weer gedurende die naweek aangesien die PE omgewing deurgeloop het onder verskeie storm sterk winde. Woensdag middag het Liana vir “Afgetrede” Frans aangejaag en die pad aangedurf Van Stadens toe. Gelukkig het Pastoor Ashley se vroulief dieselfde gedoen en was daar dus 2 “Senior Burgers’ en hul gades wat kon uitspan! Hulle was slim en ook gelukkig om vroeg te ry en dus net met ‘n ligte, roer windjie kamp staan te maak!

Donderdag oggend het die res van die groep Seniors hulself vinnig tuisgemaak en begin ontspan. Selfs ‘n sekere Volla met ‘n tent sleepwa het ook ge-arriveer. Manloos, maar Poppie was daar! Van Stadens se bestuurderes het haar oor die groep ontferm, of miskien was dit Liana se gesmeek, en die saal is beskikbaar gestel vir die middag se ete. Dit het Tersia se senuwees baie goed gedoen want as die wind sy draai kom gooi het sou ‘n Gazebo beslis nie die beste oplossing vir skaduwee wees nie. Claudette, haar dogter, het ook gejuig want nou is daar plek vir “bunting” want wat is ‘n funksie nou sonder ‘n bietjie behangsels? Die span het gou ingespring en die tafels gereed gekry terwyl al die eetgoed aanmekaar geslaan word in die kombuisie.

Frans het vroegmiddag gesorg vir vuur en Deon het gou die wors en sosaties gebraai sodat die dames nie hoef te wag vir die mansmense wat alweer draai nie, of is dit eintlik andersom? Voor die afgespreekte tyd van 16h00 het ons groepie van 13 Seniors, sommige met Gades, opgedaag met stille opgewonde afwagting oor die ete. Die saal het lekker spasie gebied vir die 22 lede om groepies te vorm by die tafels.

Die ete is ge-open met ‘n verwelkoming deur Tersia en ‘n tafel gebed deur Pastoor Ashley. Die ete het bestaan uit ‘n vrolike houertjie pons, met of sonder skop, ‘n worsrol en sosatie. Die slaai, noedel en pennie koper wortel was bedien in ‘n houertjie om saam te neem as die vleis, of dalk die nagereg. Dalkies ‘n te swaar las op die “bejaarde” spysverteringstels geplaas. Vrolike kleure van borde met slaai stokkies het die tafel verder versier. Die nagereg houer het stukkies appel- en melktert met humming bird koek gehuisves en mens kon dadelik sien wie ‘n soettand het en wie dit later by die karavaan saam met ‘n koffietjie wou gaan geniet.

Dankie Theo vir die wors, Hoosain van Simply Stainless Steel se aankoop van Merino Slaghuis se sosaties en Craig van Ibhayi Facilities Management se borgskap van sekere geskenkies. Julle is waarlik ysters en dankie dat ‘n mens altyd op julle knoppie kan druk!

Saterdag het die SB’s die Boeresport gade geslaan, hoefies gespeel en lekker gelag saam met die ander lede. Na boekevat het Tersia die SB’s verras met ‘n kerspakkie per gesin. Die lede wat nie by die kamp was nie sal hulle pakkie tuis ontvang. Johan Fourie was in die hospitaal vir toetse en waarnemening en het reeds sy pakkie ontvang.

Ons wens al die Senior Burgers en hulle Gades ‘n Geseënde Kersfees en ‘n voorspoedige en gesonde jaar toe en sien uit om almal weer in Februarie 2019 by Van Stadens rondom die kampvuur te sien. Wie weet, dalk het iemand teen daai tyd verouder en kan nou ook ‘n Senior Burger genoem word!

Senior Groete, Tersia



Stuur asseblief enige stories in oor van julle eerste kampe, kampe deur die jare wat uitgestaan het of "op ons dag" stories aan clarise.kruger@ms-it.co.za sodat dit hier geplaas kan word.